



Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 714

Cape Town
Kaapstad

20 December 2024

No. 51804

THE PRESIDENCY

No. 5723 **20 December 2024**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No.26 of 2024: National Nuclear Regulator Amendment Act, 2024

DIE PRESIDENSIE

No. 5723 **20 Desember 2024**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 26 van 2024: Wysigingswet op die Nasionale Kernreguleerder, 2024

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



5 1 8 0 4



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 10 December 2024)

ACT

To amend the National Nuclear Regulator Act, 1999, so as to substitute certain definitions and insert new definitions; to authorise the Regulator to perform additional regulatory functions; to provide for the decontamination, decommissioning and closing of national defence force facilities, equipment, machinery and scrap for civilian use; to provide for financial provision for costs associated with safe rehabilitation or decommissioning of facilities; to provide for additional powers of inspectors; to provide for administrative fines; to provide for the establishment of the National Dose Register; to provide for a centralised database of radiation workers; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 47 of 1999

1. Section 1 of the National Nuclear Regulator Act, 1999 (Act No. 47 of 1999) (hereinafter referred to as the “principal Act”), is hereby amended— 5

- (a) by the deletion of the definition of “action”;
- (b) by the insertion before the definition of “board” of the following definitions:

“ **‘activity’** means—

- (a) the use, possession, production, storage, enrichment, processing, reprocessing, or disposal of radioactive material; 10
- (b) the import and export of radioactive material for industrial use, research, medical treatment and diagnosis;
- (c) the transporting, or causing to be transported, of radioactive material;
- (d) manufacturing of design packages intended for storage or transport of radioactive material; 15
- (e) the site evaluation, design, manufacturing, construction, commissioning, operation and decommissioning of facilities;
- (f) radioactive waste management activities and site rehabilitation; and
- (g) any other activity involving radioactive material; 20

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vetdruk in vierkantige hakies dui uitlatings uit bestaande verordeninge aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordeninge aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 10 Desember 2024)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999, ten einde sekere woordskrywings te vervang en nuwe woordskrywings in te voeg; die Reguleerder te magtig om bykomende regulerende werksaamhede te verrig; voorsiening te maak vir die ontsmetting, buitediensstelling en sluiting van nasionale weermagfasiliteite, toerusting, masjinerie en skroot vir burgerlike gebruik; voorsiening te maak vir finansiële voorsiening vir kostes wat met die veilige rehabilitasie of buitediensstelling van fasiliteite gepaard gaan; om voorsiening te maak vir bykomende bevoegdhede van inspekteurs; voorsiening te maak vir administratiewe boetes; voorsiening te maak vir die stigting van die Nasionale Dosisregister; voorsiening te maak vir 'n gesentraliseerde databasis van radiasie-werkers; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 47 van 1999

1. Artikel 1 van die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet No. 47 van 1999) (hierna die “Hoofwet” genoem), word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “aksie” te skrap; 5
 (b) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “aanleg” in te voeg:
 “**administratiewe boete**” ’n boete deur die Reguleerder opgelê soos in artikel 47 beoog;

‘aktiwiteit’—

- (a) die gebruik, besit, produksie, berging, verryking, verwerking, 10
 herverwerking van of wegdoening met radioaktiewe materiaal;
 (b) die invoer en uitvoer van radioaktiewe materiaal vir nywer-
 heidsgebruik, navorsing, mediese behandeling en diagnose;
 (c) die vervoer, of laat vervoer, van radioaktiewe materiaal; 15
 (d) vervaardiging van ontwerppakkette wat bedoel is vir berging of
 vervoer van radioaktiewe materiaal;
 (e) die terreinevaluering, ontwerp, vervaardiging, konstruksie,
 ingebruikneming, bedryf en buitediensstelling van fasiliteite;
 (f) radioaktiewe afvalbestuuraktiwiteite en terreinrehabilitasie; en 20
 (g) enige ander aktiwiteit wat radioaktiewe materiaal behels;

- ‘**administrative fine**’ means a fine imposed by the Regulator as contemplated under section 47;
- ‘**aircrew**’ means flight crew, cabin crew and any person employed by the aircraft operator to perform a function on board the aircraft while it is in flight;
- ‘**authorisation**’ means a written permission in the form of—
- (a) a nuclear licence;
 - (b) a nuclear site licence;
 - (c) a nuclear vessel licence;
 - (d) a certificate of registration;
 - (e) a certificate of exemption;
 - (f) an authorisation to manufacture; or
 - (g) any other written permission granted by the Regulator;
- ‘**authorisation holder**’ means the holder of an authorisation, granted by the Regulator;
- ‘**authorisation to manufacture**’ means a written permission to manufacture component parts important to nuclear or radiation safety;”;
- (c) by the insertion after the definition of “chief executive officer” of the following definition:
- “ ‘**clearance**’ means the removal of regulatory control over radioactive material or radioactive objects within authorised activities and facilities;”;
- (d) by the substitution for the definition of “closure” of the following definition:
- “ ‘**closure**’ means the completion of all technical and administrative operations after the [emplacement] disposal of [spent fuel or] radioactive waste in a disposal facility;”;
- (e) by the insertion after the definition of “closure” of the following definitions:
- “ ‘**Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act**’ means Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993 (Act No. 130 of 1993);
- ‘**cosmic radiation**’ means radiation that originates in outer space, and which is composed of subatomic particles and rays of energy such as gamma rays and X-rays;
- ‘**decommissioning**’ means all processes and actions, including decontamination and dismantling, leading to the release or partial release of a facility other than that part of a disposal facility in which radioactive waste has been disposed from regulatory control;
- ‘**discharges**’ means planned and controlled releases into the environment, as a legitimate practice, within limits authorised by the Regulator, of liquid or gaseous radioactive material that originates from regulated facilities during normal operation;
- ‘**disposal**’ means the emplacement of radioactive waste in a disposal facility without the intention of retrieval;
- ‘**dose**’ means a measure of the energy deposited by radiation in a target;”;
- (f) by the deletion of the definition of “Council for Nuclear Safety”;
- (g) by the insertion after the definition of “enrich” of the following definitions:
- “ ‘**exemption**’ means the determination by the Regulator that a source, facility or activity is not subject to some or all aspects of regulatory control, on the basis that the exposure (including potential exposure) due to the source, facility or activity is too small to warrant the application of those aspects, or that this is the optimum option for protection irrespective of the actual level of the doses or risks;
- ‘**facility**’ means nuclear facility, radiation facility, facilities where mining and processing of radioactive ores are carried out, radioactive waste management facility, and any other places where radioactive material is produced, processed, used, handled, stored or disposed of, on such a scale that protection and safety is required;”;
- (h) by the substitution for the definition of “ionizing radiation” of the following definition:

- ‘**bron**’ enigiets wat stralingsblootstelling kan veroorsaak, met inbegrip van uitlating van ioniserende straling, of deur radioaktiewe stowwe of materiaal vry te laat, en wat as ’n enkele entiteit hanteer kan word vir die doel van veiligheid en beskerming;
- ‘**buitediensstelling**’ alle prosesse en aksies, met inbegrip van ontsmetting en aftakeling, wat lei tot die ontheffing of gedeeltelike ontheffing van ’n fasiliteit waarin radioaktiewe afval geplaas is, van regulatoriese beheer;
- ‘**dosis**’ ’n maat van die energie wat deur straling in ’n teiken toegedien word;
- ‘**fasiliteit**’ kernfasiliteit, stralingsfasiliteit, fasiliteite waar radioaktiewe erts ontgin en verwerk word, radioaktiewe afvalbestuurfasiliteit, en enige ander plekke waar radioaktiewe materiaal vervaardig, verwerk, gebruik, hanteer, geberg of mee weggedoen word, op so ’n skaal dat beskerming en veiligheid nodig is;”;
- (c) deur die omskrywing van “ioniserende straling” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘**ioniserende straling**’ [elektro-magnetiese of deeltjestraling wat deur radioaktiewe materiaal uitgestraal word en wat in staat is om **ione regstreeks of onregstreeks te produseer terwyl dit deur materie dring**] straling wat in staat is om ionopare in biologiese materiaal te produseer;”;
- (d) deur die omskrywing van “kernenergie” te skrap;
- (e) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “kernenergie” in te voeg:
- “‘**kernfasiliteit**’ enige fasiliteit binne die kernbrandstofsiklus, anders as die myn en verwerking van erts, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot ’n—
- (a) kernkragstasie;
- (b) navorsingsreaktor;
- (c) brandstofvervaardigingstasie;
- (d) kernherverwerkingsfasiliteit;
- (e) uraan-, torium-, plutonium-raffinerings- of omsettingsfasiliteit;
- (f) uraanverrykingsfasiliteit;
- (g) kernreaktor, met inbegrip van ’n kernklowingsreaktor of enige ander fasiliteit wat bedoel is om kernversmelting te skep;
- (h) bergingsfasiliteit vir gebruikte kernbrandstof;
- (i) bergingsfasiliteit vir verwerking van verrykte uraan;
- (j) fasiliteit wat spesifiek ontwerp is om enige radioaktiewe materiaal wat bedoel is om mee weggedoen te word as afvalmateriaal, te hanteer, te behandel, te kondisioneer, tydelik te berg of permanent weg te doen, behalwe ’n fasiliteit wat slegs radioaktiewe afval hanteer wat regstreeks uit die myn en verwerking van erts voortspruit; of
- (k) enige fasiliteit, installasie, stasie of struktuur wat ingevolge artikel 2(3) tot ’n kernfasiliteit verklaar is;”;
- (f) deur die omskrywing van “kerninstallasie” te skrap;
- (g) deur die omskrywing van “kerninstallasielisensie” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘**[kerninstallasielisensie] kernlisensie**’ ’n lisensie bedoel in artikel 21(1);”;
- (h) deur die omskrywings van “kernherverwerkingsfasiliteit” en “kernmagtiging” te skrap;

- “**ionizing radiation**” means **[electromagnetic or corpuscular emission emitted from radioactive material and capable of producing ions, directly or indirectly while passing through matter]** radiation capable of producing ion pairs in biological materials;”;
- (i) by the substitution for the definition of “Minister” of the following definition: 5
 “**Minister**” means the Minister **[of Minerals]** responsible for Mineral Resources and Energy;”;
- (j) by the insertion after the definition of “Minister” of the following definition: 10
 “**National Dose Register**” means **centralised radiation dose record system that contains the dose records of individuals who are monitored for occupational exposures to ionizing radiation;**”;
- (k) by the deletion of the definition of “nuclear authorisation”;
- (l) by the substitution for the definition of “nuclear damage” of the following definition: 15
 “**nuclear damage**” means—
 (a) any injury to or the death or any sickness or disease of a person; **[or]**
 (b) other damage, including any damage to or any loss of use of property or damage to the environment;
 (c) economic loss arising from loss or damage referred to in (a) or (b) above; 20
 (d) the cost of measures of reinstatement of impaired environment, unless such impairment is insignificant, if such measures are actually taken or to be taken;
 (e) loss of income, deriving from an economic interest in any use or enjoyment of the environment, incurred as a result of a significant impairment of that environment; 25
 (f) the costs of preventive measures, and further loss or damage caused by such measures;
 (g) any other economic loss, other than any loss caused by the impairment of the environment, 30
 which arises out of, or results from, or is attributable to, the ionizing radiation associated with a nuclear **[installation]** facility, nuclear vessel or **[action]** activity;”;
- (m) by the deletion of the definitions of “nuclear energy” and “nuclear incident”;
- (n) by the insertion after the definition of “nuclear damage” of the following definition: 35
 “**nuclear facility**” means any facility within the nuclear fuel cycle, other than the mining and processing of ore, including but not limited to a—
 (a) nuclear power plant; 40
 (b) research reactor;
 (c) fuel fabrication plant;
 (d) nuclear reprocessing facility;
 (e) uranium, thorium, or plutonium refinement or conversion facility; 45
 (f) uranium enrichment facility;
 (g) nuclear reactor, including a nuclear fission reactor or any other facility intended to create nuclear fusion;
 (h) spent nuclear fuel storage facility;
 (i) storage facility for enriched uranium processing;
 (j) facility specifically designed to handle, treat, condition, temporarily store or permanently dispose of any radioactive material which is intended to be disposed of as waste material, other than a facility which only handles radioactive waste resulting directly from the mining and processing of ore; or 50
 (k) any facility, installation, plant or structure declared to be a nuclear facility in terms of section 2(3);” 55
- (o) by the deletion of the definition of “nuclear installation”;
- (p) by the substitution of the definition of “nuclear installation licence” of the following definition:

- (i) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “kernmagtiging” in te voeg:
- “**‘kernmateriaal’** plutonium-239, uraan-233, of uraan verryk in die isotope uraan-233 of uraan-235, of enige ander materiaal wat ingevolge die Wet op Kernenergie, 1999 (Wet No. 46 van 1999), verklaar is kernmateriaal te wees; 5
- ‘kern- of stralingsnoodgeval’** ’n situasie wat nie deel van die roetine is nie, wat straling behels, wat ’n onmiddellike reaksie noodsaak, om potensiële kernskade te voorkom of te versag;
- ‘kern- of stralingsongeluk’** enige onopsetlike gebeurtenis, met inbegrip van maar nie beperk nie tot, bedryfsfoute, toerusting wat onklaar raak, ongemagtigde of kwaadwillige handeling, waarvan die veiligheidsbelang die vlakke oorskry wat in die veiligheids- en verwante sekuriteitstandaarde in artikel 36 beoog, voorgeskryf is; 10
- ‘kern- of stralingsvoorval’** enige onopsetlike gebeurtenis, met inbegrip van maar nie beperk nie tot, bedryfsfoute, toerusting wat onklaar raak, afsitvoorvalle, ongelukvoorlopers, noue ontkomings, ander teenspoed, ongemagtigde handeling of kwaadwillige handeling, waarvan die veiligheidsbelang die vlakke oorskry wat in die veiligheids- en verwante sekuriteitstandaarde in artikel 36 beoog, voorgeskryf is;” 15
- (j) deur die omskrywing van “kernskade” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘kernskade’**—
- (a) enige besering van of die dood of enige siekte of kwaal van enige persoon; **[of]** 25
- (b) ander skade, met inbegrip van enige skade aan of verlies van die gebruik van eiendom of skade aan die omgewing;
- (c) ekonomiese verlies voortspruitend uit verlies of skade in (a) of (b) bedoel;
- (d) die koste van maatreëls om beskadigde omgewing te herstel, tensy sodanige verswakking gering is, indien sodanige maatreëls werklik ingestel word of ingestel gaan word; 30
- (e) verlies aan inkomste, voortspruitend uit ’n ekonomiese belang by enige gebruik of genot van die omgewing, gely weens ’n beduidende verswakking van daardie omgewing; 35
- (f) die koste van voorkomende maatreëls, en verdere verlies of skade wat deur sodanige maatreëls veroorsaak is;
- (g) enige ander ekonomiese verlies, anders as enige verlies wat deur die verswakking van die omgewing veroorsaak is, wat voortspruit uit, of die gevolg is of toe te skryf is aan die ioniserende straling wat verband hou met ’n **[kerninstallasie]** kernfasiliteit, kernvaartuig of **[handeling]** aktiwiteit;” 40
- (k) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “kernskade” in te voeg:
- “**‘kernterreinlisensie’** ’n lisensie in artikel 21(2) beoog;” 45
- (l) deur die omskrywing van “kernvoorval” te skrap;
- (m) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “kernvoorval” in te voeg:
- “**‘kosmiese straling’** straling wat in die buitenste ruimte ontstaan en wat uit subatomiese deeltjies en energiestrale soos gammastrale en X-strale bestaan;
- ‘magtiging’** skriftelike toestemming in die vorm van—
- (a) ’n kernlisensie;
- (b) ’n kernterreinlisensie;
- (c) ’n kernvaartuiglisensie; 55
- (d) ’n registrasiesertifikaat;
- (e) ’n vrystellingsertifikaat;
- (f) ’n magtiging om te vervaardig; of
- (g) enige ander skriftelike magtiging deur die Reguleerder toegestaan;
- ‘magtiging om te vervaardig’** ’n skriftelike toestemming om onderdele te vervaardig wat belangrik vir kern- of stralingsveiligheid is;
- ‘magtigingshouer’** die houer van ’n magtiging deur die Reguleerder toegestaan;” 60

- “ **‘nuclear [installation] licence’** means a licence referred to in section 21(1);”;
- (q) by the insertion after the definition of “nuclear licence” of the following definitions:
- “ **‘nuclear material’** means plutonium-239, uranium-233, or uranium enriched in the isotopes uranium-233 or uranium-235, or any other material determined to be nuclear material in terms of the Nuclear Energy Act, 1999 (Act No. 46 of 1999); 5
- ‘nuclear or radiation accident’** means any unintended event, including but not limited to, operating errors, equipment failures, unauthorised acts or malicious acts, the safety significance of which exceeds the levels prescribed in the safety and related security standards contemplated in section 36; 10
- ‘nuclear or radiation incident’** means any unintended event, including but not limited to, operating errors, equipment failures, initiating events, accident precursors, near misses, other mishaps, unauthorised acts or malicious acts, the safety significance of which exceeds the levels prescribed in the safety and related security standards contemplated in section 36; 15
- ‘nuclear or radiation emergency’** means a non-routine situation, involving radiation, which necessitates the taking of prompt response actions, to prevent or mitigate potential nuclear damage; 20
- ‘nuclear site licence’** means a licence referred to in section 21(2);”;
- (r) by the deletion of the definition of “nuclear reprocessing facility”;
- (s) by the substitution for the definition of “period of responsibility” of the following definition: 25
- “ **‘period of responsibility’** means the period beginning on the date of coming into force of the relevant authorisation and ending on the date on which the Regulator gives notice in writing to the holder of authorisation informing that they are relieved of further responsibility;” 30
- (t) by the insertion after the definition of “plant” of the following definition:
- “ **‘pre-construction activities’** means the preparation of a site for the construction of a nuclear facility including initial earthworks and site levelling, preparation of construction roads, borrow areas, security infrastructure, dewatering, building of diaphragm wall and excavation and clearance to bedrock;” 35
- (u) by the insertion after the definition of “prescribed” of the following definitions:
- “ **‘Public Finance Management Act’** means Public Finance Management Act, 1999 (Act No.1 of 1999); 40
- ‘radiation’** means ionizing radiation;”;
- (v) by the substitution for the definition of “radioactive material” of the following definition:
- “ **‘radioactive material’** means any substance consisting of, or containing[,] any [**radioactive nuclide**] radionuclide, whether natural or artificial [, **including, but not limited to, radioactive waste and spent nuclear fuel**];” 45
- (w) by the deletion of the definition of “radioactive nuclide”;
- (x) by the insertion after the definition of “radioactive material” of the following definitions: 50
- “ **‘radionuclide’** means any unstable atomic nucleus which decays spontaneously with the accompanying emission of ionizing radiation;
- ‘radioactive waste’** means material that contains or is contaminated with radioactive material at a concentration or activities greater than the prescribed clearance level and for which no further use is foreseen;” 55
- (y) by the substitution for the definition of “radioactivity” of the following definition:
- “ **‘radioactivity’** means the [**measure of a quantity of radioactive materials**] phenomenon whereby atoms undergo spontaneous random disintegration, usually accompanied by the emission of radiation;” 60
- (z) by the substitution for the definition of “site” of the following definition:

- (n) deur die omskrywing van “Minister” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘Minister’** die Minister [**van Minerale**] verantwoordelik vir Minerale Hulpbronne en Energie;”;
- (o) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Minister” in te voeg:
 “**‘Nasionale Dosisregister’** gesentraliseerde stralingsdosisrekordstelsel wat die dosisrekords bevat van individue wat vir beroepsblootstellings aan ioniserende straling gemonitor word;
‘ontheffing’ die verwydering van regulatoriese beheer oor radioaktiewe materiaal of radioaktiewe voorwerpe binne gemagtigde aktiwiteite en fasiliteite;
‘ontladings’ beplande en beheerde ontladings in die omgewing in, as ’n wettige praktyk, binne beperkings wat deur die Reguleerder gemagtig is, van vloeistof of gasagtige radioaktiewe materiaal wat tydens normale bedryf vanaf gereguleerde fasiliteite kom;”;
- (p) deur die omskrywing van “Raad vir Kernveiligheid” te skrap;
- (q) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Raad vir Kernveiligheid” in te voeg:
 “**‘radioaktiewe afval’** materiaal wat radioaktiewe materiaal bevat of daarmee besmet is teen ’n konsentrasie of aktiwiteit wat meer is as die voorgeskrewe klaringsvlak, waarvoor geen verdere gebruik in die vooruitsig gestel word nie;”;
- (r) deur die omskrywing van “radioaktiewe materiaal” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘radioaktiewe materiaal’** enige stof bevattende of bestaande uit enige natuurlike of kunsmatige [**radioaktiewe nuklied insluitende, maar nie beperk tot, radioaktiewe afval en uitgediende kernbrandstof**] radionuklied;”;
- (s) deur die omskrywing van “radioaktiewe nuklied” te skrap;
- (t) deur die omskrywing van “radioaktiwiteit” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘radioaktiwiteit’** die [**meting van ’n hoeveelheid radioaktiewe materiaal**] verskynsel waar atome spontane lukrake disintegrasië ondergaan, gewoonlik vergesel van die uitlating van straling;”;
- (u) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “radioaktiwiteit” in te voeg:
 “**‘radionuklied’** enige onstabiele atomiese nukleus wat spontaan ontbind met die gepaardgaande uitlating van ioniserende straling;”;
- (v) deur die omskrywing van “sluiting” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘sluiting’** die voltooiing van alle tegniese en administratiewe werksaamhede na [die plasing van gebruikte brandstof of] wegdoening met radioaktiewe afval in ’n afvalsfasiliteit;”;
- (w) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “sluiting” in te voeg:
 “**‘straling’** ioniserende straling;”;
- (x) deur die omskrywing van “terrein” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘terrein’ [beteken ’n terrein waarop—**
 (a) **’n kerninstallasie geleë is of opgerig word; of**
 (b) **enige handeling wat in staat is om kernskade te veroorsaak, uitgevoer word]** ’n omskrewe geografiese gebied wat ’n gemagtigde of voorgestelde fasiliteit, aktiwiteit of bron huisves waarvoor die magtigingshouer of -aansoeker regstreeks gesag uitoefen;”;
- (y) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “terrein” in te voeg:
 “**‘terreinevaluasie’** die analise van daardie faktore wat kern- of stralingsveiligheid en sekuriteit van ’n fasiliteit of aktiwiteit op daardie terrein kan raak;”;
- (z) deur die omskrywing van “verantwoordelikheidstydperk” deur die volgende omskrywing te vervang:

“ ‘site’ means [a site on which—

(a) a nuclear installation is situated or is being constructed; or

(b) any action which is capable of causing nuclear damage, is carried out] a defined geographical area that contains an authorised

or proposed facility, activity or source over which the authorisation holder or applicant exercises direct authority;”;

5

(za) by the insertion after the definition of “site” of the following definitions:

“ ‘site evaluation’ means the analysing of those factors that could affect nuclear or radiation safety and security of a facility or activity on that site;

10

‘source’ means anything that may cause radiation exposure including emission of ionizing radiation, or by releasing radioactive substances or material, and which can be treated as a single entity for protection and safety purposes;”.

Amendment of section 2 of Act 47 of 1999

15

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

“**Application of Act and declaration of nuclear [installation] facility**”;

(b) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

20

“(1) Subject to subsection (2), this Act applies to—

(a) the [siting] site evaluation, design, manufacturing of component parts, construction, operation, extended shutdown, decontamination, decommissioning and closure of any nuclear [installation] facility;

25

(b) vessels propelled by nuclear power or having radioactive material on board which is capable of causing nuclear damage; **and**

(c) any action which is capable of causing nuclear damage.]

(c) radiation sources including devices in which they are incorporated;

(d) the decontamination, decommissioning and closure of any of the Republic’s National Defence Force facilities, equipment, machinery or scrap, including remediation or rehabilitation of land, which is designated for release for civilian use;

30

(e) exposure of aircrew to cosmic radiation; and

(f) any other activities involving radiation conducted in the Republic which are capable of causing nuclear damage.”;

35

(c) by the substitution in subsection (2) for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:

“(a) exposure to cosmic radiation at ground level or to potassium-40 in the body or any other radioactive material or [actions] activities not amenable to regulatory control as determined by the Minister, [after consultation with], on recommendation by the board and by notice in the *Gazette*;

40

- “**‘verantwoordelikheidstydperk’** die tydperk wat begin op die datum waarop die tersaaklike magtiging van krag word en wat eindig op die datum waarop die Reguleerder skriftelik aan die magtigingshouer kennis gee dat hulle van verdere verantwoordelikheid onthef is;”;
- (za) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “verryk” in te voeg: 5
 “**‘vlugpersoneel’** vlugpersoneel, kajuitpersoneel en enige persoon deur die lugvaartuigoperateur in diens geneem om ’n werksaamheid aan boord van die lugvaartuig te verrig terwyl dit vlieg;”;
- (zb) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “voorgeskrewe” in te voeg: 10
 “**‘vooroprigtingsaktiwiteite’** die voorbereiding van ’n terrein vir die oprigting van ’n kernfasiliteit, met inbegrip van aanvanklike grondwerke en terreingelykmaking, voorbereiding van oprigtingspaaie, steelgebiede, sekuriteitsinfrastruktuur, ontwatering, bou van ’n diafragmamuur en uitgrawings en skoonmaak tot op die rotsbodem; 15
‘vrystelling’ die bepaling deur die Reguleerder dat ’n bron, fasiliteit of handeling nie onderhewig is aan sekere of alle aspekte van regulatoriese beheer nie, op grond daarvan dat die blootstelling (ook potensiële blootstelling) weens die bron, fasiliteit of handeling, te gering is om die toepassing van daardie aspekte te regverdig, of dat dit die optimum opsie vir beskerming is, ongeag die werklike vlak van die dosisse of risiko’s;” 20
 en
- (zc) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “vrystelling-sertifikaat” in te voeg: 25
 “**‘wegdoening’** die plasing van radioaktiewe afval in ’n wegdoensingsfasiliteit sonder die voorneme om dit terug te kry; 25
‘Wet op Openbare Finansiële Bestuur’ die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);
‘Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes’ die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet No. 130 van 1993).” 30

Wysiging van artikel 2 van Wet 47 van 1999

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: 35
 “**Toepassing van Wet, en verklaring tot [kerninstallasie] kernfasiliteit**”;
- (b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 “(1) Behoudens subartikel (2) is hierdie Wet van toepassing op—
 (a) die [aanlê] terreinevaluasie, ontwerp, vervaardiging van onderdele, oprigting, bedryf, verlengde sluiting, ontsmetting, buitediensstelling en sluiting van enige [kerninstallasie] kernfasiliteit; 40
 (b) vaartuie wat deur kernkrag aangedryf word of wat radioaktiewe materiaal wat in staat is om kernskade te veroorsaak, aan boord het; [en
 (c) enige handeling wat in staat is om kernskade te veroorsaak.] 45
 (c) stralingsbronne, met inbegrip van kerntoestelle waarvan hulle deel uitmaak;
 (d) die ontsmetting, buitediensstelling en sluiting van enige van die Republiek se Nasionale Weermagfasiliteite, toerusting, masjinerie of skroot, met inbegrip van versagting of rehabilitasie van grond, wat aangewys is vir vrystelling vir burgerlike gebruik; 50
 (e) blootstelling van vlugpersoneel aan kosmiese straling; en
 (f) enige ander aktiwiteite wat straling behels wat in die Republiek uitgevoer word, wat in staat is om kernskade te veroorsaak.”;
- (c) deur in subartikel (2) paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang: 55
 “(a) blootstelling aan kosmiese bestraling op grondvlak of kalium-40 in die liggaam of enige ander radioaktiewe materiaal of [handelinge] aktiwiteite wat nie onderworpe is aan beheer soos deur die Minister [na oorlegpleging met] op aanbeveling van die raad, en by 60
 kennisgewing in die Staatskoerant bepaal nie;

- (b) subject to section 41(4), any **[action]** activity where the radioactivity concentrations of individual radioactive nuclides, or the total radioactivity content, are below the exclusion levels provided for in the safety standards contemplated in section 36;”;
- (d) by the deletion of paragraphs (c) and (d); 5
- (e) by the insertion after paragraph (d) of the following paragraph:
 “(e) naval vessels of a foreign state that are invited into the Republic through diplomatic channels; and
- (f) nuclear security matters undertaken in accordance with sections 33, 34 and 35 of the Nuclear Energy Act, 1999 (Act No. 46 of 1999).”; 10
 and
- (f) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
 “(3) For the purposes of this Act, the Minister may, **[after consultation with]** on the recommendation of the board and by the notice in *Gazette*, declare any facility, **[installation,]** plant or structure, including 15
 a mine or ore-processing facility, to be a nuclear **[installation]** facility.”.

Substitution of section 3 of Act 47 of 1999

3. The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:
 “(1) A juristic person known as the National Nuclear Regulator is hereby established, comprising of a board, a chief executive officer and staff. 20
 (2) The Regulator is a schedule 3A public entity in terms of the Public Finance Management Act.”.

Amendment of section 5 of Act 47 of 1999

4. Section 5 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs: 25
 “(a) provide for the protection of persons, property and the environment against **[nuclear damage]** the harmful effects of radiation associated with facilities and activities through the establishment of safety and related security standards and regulatory practices;
 (b) exercise regulatory control related to safety **[over—** 30
 (i) **the siting, design, construction, operation, manufacture of component parts, and decontamination, decommissioning and closure of nuclear installations; and**
 (ii) **vessels propelled by nuclear power or having radioactive material on board which is capable of causing nuclear damage,]** and related security over activities contemplated in section 2(1) of this Act,
 through the granting of **[nuclear]** authorisations;”;
- (b) by the deletion of paragraph (c);
- (c) by the substitution for paragraphs (d), (e) and (f) of the following paragraphs: 40
 “(d) **[provide assurance of]** enforce compliance with the conditions of [nuclear] authorisations [through the implementation of a system of compliance inspections];
 (e) fulfil national obligations in respect of international legal instruments concerning nuclear and radiation safety; **[and]** 45
 (f) ensure that **[provisions]** requirements for nuclear and radiation emergency [planning] preparedness and response are in place[.]; and”; and
- (d) by the insertion after paragraph (f) of the following paragraph: 50
 “(g) disseminate objective scientific, technical, and regulatory information concerning the activities of the Regulator and the effects on the environment and on the health and safety of persons, property and the environment from facilities and activities using radiation and nuclear technology.”.

- (b) behoudens artikel 41(4), enige **[handeling]** aktiwiteit waar die radioaktiewe konsentrasies van individuele radioaktiewe nukliedes of die totale radioaktiewe inhoud laer is as die uitsluitingsvlakke waarvoor voorsiening gemaak word in die veiligheidsstandaarde beoog in artikel 36;”;
- (d) deur paragrafe (c) en (d) te skrap;
- (e) deur die volgende paragraaf na paragraaf (d) in te voeg:
 “(e) vlootvaartuie van ’n vreemde staat wat deur diplomatieke kanale na die Republiek genooi is; en
- (f) kernveiligheidsaangeleenthede wat ooreenkomstig artikels 33, 34 en 35 van die Wet op Kernenergie, 1999 (Wet No. 46 van 1999), onderneem word.”;
- (f) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Die Minister kan, **[na oorlegpleging met]** op aanbeveling van die raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige fasiliteit, **[installasie,]** aanleg of struktuur, insluitende ’n myn of ’n ertsverwerkingsfasiliteit, tot ’n **[kerninstallasie]** kernfasiliteit verklaar vir doeleindes van hierdie Wet.”.

Vervanging van artikel 3 van Wet 47 van 1999

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 20
 “(1) ’n Regspersoon wat bekend staan as die Nasionale Kernreguleerder, bestaande uit ’n raad, hoof- uitvoerende beampte en personeel, word hierby gestig.
 (2) Die Reguleerder is ’n bylae 3A openbare instelling ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.”.

Wysiging van artikel 5 van Wet 47 van 1999

4. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur paragraaf (a) en (b) deur die volgende paragrafe te vervang:
 “(a) deur die daarstelling van **[veiligheidsstandaarde]** veiligheids- en verwante sekuriteitstandaarde en regulerende praktyke voorsiening te maak vir die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen **[kernskade]** die skadelike uitwerking van straling wat met fasiliteite en aktiwiteite gepaard gaan;”;
- (b) regulerende beheer in verband met die veiligheid **[van—**
 (i) **die aanlê ontwerp, oprigting, bedryf, vervaardiging van onderdele, ontsmetting, buitediensstelling en sluiting van kerninstallasies; en** 35
 (ii) **oor kernaangedrewe vaartuie of vaartuie wat radioaktiewe materiaal aan boord het wat kernskade kan veroorsaak,]** en verwante sekuriteit van aktiwiteite beoog in artikel 2(1) van hierdie Wet, 40
 deur die toestaan van **[kernmagtigings]** magtigings uit te oefen;”;
- (b) deur paragraaf (c) te skrap;
- (c) deur paragrafe (d), (e) en (f) deur die volgende paragrafe te vervang:
 “(d) **[deur die implementering van ’n stelsel van inspeksies te verseker dat]** nakoming van die voorwaardes van kernmagtigings [nagekom word] af te dwing; 45
 (e) nasionale verpligtinge ten opsigte van internasionale regs-instrumente rakende kernveiligheid na te kom; **[en]**
 (f) toe te sien dat **[voorskrifte]** vereistes vir **[kernnoodbeplanning]** kern- en stralingsnoodgereedheid en -reaksie daargestel is[.]; en; 50
 en
- (d) deur die volgende paragraaf na paragraaf (f) in te voeg:
 “(g) objektiewe wetenskaplike, tegniese en regulatoriese inligting met betrekking tot die aktiwiteite van die Reguleerder en die uitwerking op die omgewing en op die gesondheid en veiligheid van persone, eiendom en die omgewing te versprei vanaf fasiliteite en aktiwiteite wat stralings- en kerntegnologie gebruik.” 55

Amendment of section 6 of Act 47 of 1999

5. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) ensure the effective monitoring and control of the nuclear or radiation hazard;”.

5

Amendment of section 7 of Act 47 of 1999

6. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (a), (b), (c), (d) and (e) of the following paragraphs:

“(a) grant **[or]**, amend, refuse, suspend or revoke **[nuclear]** authorisations, subject to the provisions of this Act;

10

(b) hire, purchase or otherwise acquire any movable and immovable property **[and]** or proprietary right, and rent or dispose of property so acquired, **[but may not acquire or dispose of immovable property without the prior approval of the Minister, granted with the agreement of the Minister of Finance]** subject to the provisions of the Public Finance Management Act;

15

(c) collaborate with any other body or institution or establish and control facilities for the collection and dissemination of scientific and technical information, in connection with any matter regarding **[nuclear energy falling within the objects of the Regulator] radiation safety and related security as contemplated in section 2 of this Act**;

20

(d) collaborate with any educational, scientific or other body **[, a government]** or institution in connection with the provision of instruction for, or the training of, persons required by the Regulator;

25

(e) provide, on such conditions as the Regulator **[thinks]** deems fit, financial or other assistance in connection with the training of persons in so far as in the board’s opinion it is necessary to ensure that a sufficient number of trained persons are available to enable the Regulator to perform its functions;”;

30

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (g), (h), (i) and (j) of the following paragraphs:

“(g) advise the Minister on matters associated with any **[action] facility, activity** or condition which—

35

(i) is capable of causing nuclear damage;

(ii) the Minister refers to the Regulator; or

(iii) the Regulator **[thinks]** deems necessary to advise the Minister on;

(h) **[for purposes of this Act,]** act as the national competent authority in connection with the International Atomic Energy Agency’s Regulations for the Safe Transport of Radioactive Material;

40

(i) conclude contracts, enter into agreements or perform any act **[, whether in the Republic or elsewhere,]** whereby its objects are carried into effect or which is calculated, directly or indirectly, to enhance the value of the services which the Regulator renders towards the achievement of its objects or which may be prescribed;

45

(j) produce and submit to the Minister an annual public report on the health and safety related to workers, the public and the environment associated with all sites including, but not limited to, the prescribed contents **[.] and the reporting requirements in terms of the Public Finance Management Act**;”;

50

(c) by the insertion in subsection (1) after paragraph (j) of the following paragraphs:

“(k) issue directives, notices, guidance and position papers necessary for the implementation of this Act;

55

Wysiging van artikel 6 van Wet 47 van 1999

5. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) toe te sien dat die [**kerngevaar**] kern- of stralingsgevaar effektief gemonitor en beheer word;”.

5

Wysiging van artikel 7 van Wet 47 van 1999

6. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragrawe (a), (b), (c), (d) en (e) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(a) [**kernmagtigings**] magtigings toestaan [**of**], wysig, weier, opskort 10
of intrek, behoudens die bepalings van hierdie Wet;

(b) enige roerende en onroerende eiendom [**en**] of vermoënsreg huur, 15
koop of andersins verkry en eiendom aldus verkry, verhuur of
daaroor beskik, [**maar onroerende eiendom mag nie sonder die
voorafgaande magtiging van die Minister, verleen met die
instemming van die Minister van Finansies, verkry of oor
beskik word nie**] behoudens die bepalings van die Wet op
Openbare Finansiële Bestuur;

(c) met enige ander liggaam of instelling saamwerk of beheermaatreëls 20
vir die insameling en verspreiding van wetenskaplike en tegniese
inligting ten opsigte van enige aangeleentheid rakende
[**kernenergie wat binne die bestek van die oogmerke van die
Reguleerder val**] stralingsveiligheid en verwante sekuriteit soos
beoog in artikel 2 van hierdie Wet, instel;

(d) met enige opvoedkundige, wetenskaplike of ander liggaam[, ’n 25
regering] of instelling saamwerk ten opsigte van die voorsiening
van onderrig aan of die opleiding van persone deur die Reguleerder
benodig;

(e) finansiële of ander bystand op die voorwaardes wat die Reguleerder 30
goedvind verleen ten opsigte van die opleiding van persone wat na
die mening van die raad nodig is om te verseker dat ’n voldoende
aantal opgeleide persone beskikbaar is om die Reguleerder in staat
te stel om sy werksaamhede uit te oefen;”;

(b) deur in subartikel (1) paragrawe (g), (h), (i) en (j) deur die volgende paragrawe 35
te vervang:

“(g) die Minister adviseer oor aangeleenthede wat verband hou met
enige [**handeling**] fasiliteit, aktiwiteit of toestand wat—

(i) kernskade kan veroorsaak;

(ii) die Minister na die Reguleerder verwys; of

(iii) die Reguleerder meen nodig is om die Minister oor te 40
adviseer;

(h) [**vir doeleindes van hierdie Wet,**] as die nasionale bevoegde 45
owerheidsliggaam in verband met die Regulasies vir die Veilige
Vervoer van Radioaktiewe Materiaal van die Internasionale
Atoomenergie-agentskap optree;

(i) kontrakte sluit, ooreenkomste aangaan of enige handeling verrig[, 50
hetsy in die Republiek of elders,] waardeur uitvoering aan sy
oogmerke gegee word of wat daarop bereken is om regstreeks of
onregstreeks die waarde van die dienste wat die Reguleerder ter
bereiking van sy oogmerke lewer, te verhoog of wat voorgeskryf
word;

(j) ’n jaarlikse openbare verslag oor die gesondheid en veiligheid van 55
werkers, die publiek en die omgewing verbonde aan alle terreine
insluitende, maar nie beperk tot, die voorgeskrewe inhoud opstel en
aan die Minister voorlê[,] en die verslagdoeningsvereistes
ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;”;

(c) deur in subartikel (1) na paragraaf (j) die volgende paragraaf in te voeg:

“(k) riglyne, kennisgewings, leidings- en situasieskrifte uitreik wat vir
die inwerkingstelling van hierdie Wet nodig is;

- (l) inspect, monitor, assess the activities of applicants for authorisations and authorisation holders for the purpose of verifying compliance with the provisions of this Act, applicable to regulations and the conditions of authorisations;
- (m) implement enforcement measures in the event of non-compliance or violation of the provisions of this Act, applicable regulations and the conditions of authorisations; 5
- (n) recommend regulations prescribing safety and related security standards as well as regulatory practices as contemplated in section 2(1) of this Act; 10
- (o) establish and maintain a national register of persons authorised to carry out activities under this Act;
- (p) establish and maintain a national dose register;
- (q) establish and maintain a national register of radiation sources;
- (r) conduct relevant research, establish and maintain nuclear safety and security research programmes for regulatory development to provide the Regulator with scientific, technical and other advice and information, as contemplated in section 2(1) of this Act; and 15
- (s) make such arrangements as the Regulator may consider appropriate for relevant social, economic and environmental information to be collected from a holder of an authorisation and make such information available to the Department for the purpose of undertaking impact assessment for the implementation of the Act.”; 20
- (d) by the substitution for subsection (2) of the following subsection: 25
“(2) The Minister must table in Parliament the annual public report submitted to him or her in terms of subsection (1)(j) [**within 14 days after it is so submitted if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within 14 days after the commencement of its next ordinary session.**].”; and
- (e) by the deletion of subsection (3). 30

Amendment of section 8 of Act 47 of 1999

7. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection: 35
“(1) The Regulator is governed and controlled, in accordance with this Act, by a [**Board of Directors**] board.”;
- (b) by the substitution in subsection (4)(a) for subparagraphs (iv), (v) and (vi) of the following subparagraphs: 40
“(iv) an official from the [**Department of Minerals**] department responsible for Mineral Resources and Energy;
(v) an official from the [**Department of Environmental Affairs and Tourism**] department responsible for the Environment; and
(vi) not more than seven other directors; [**and**]”;
- (c) by the substitution in subsection (4) for paragraph (b) of the following paragraph: 45
“(b) the chief executive officer [.] and”;
- (d) by the insertion in subsection (4) after paragraph (b) of the following paragraph:
“(c) the chief financial officer.”;
- (e) by the substitution in subsection (7) for paragraphs (b), (c) and (d) of the following paragraphs: 50
“(b) a relevant portfolio committee of the National Assembly must compile a short-list of not more than 20 candidates from persons nominated;
(c) in addition to persons contemplated in subsection 4(a)(iv) and (v), the Minister must, from the short-list so compiled [**and from other persons nominated as contemplated in paragraph (a)**], appoint persons to the relevant positions on the board; and 55

- (l) aansoekers om magtigings en magtigingshouers se aktiwiteite inspekteer, monitor en assessee, met die doel om nakoming van die bepalings van hierdie Wet, van toepassing op regulasies en die voorwaardes van magtigings, te verifieer;
- (m) afdwingingsmaatreëls instel in die geval van nie-nakoming of oortreding van die bepalings van hierdie Wet, toepaslike regulasies en die voorwaardes van magtigings; 5
- (n) regulasies aanbeveel wat veiligheid en verwante sekuriteitstandaarde voorskryf, asook regulatoriese praktyke soos beoog in artikel 2(1) van hierdie Wet; 10
- (o) 'n nasionale register instel en in stand hou van persone wat gemagtig is om aktiwiteite kragtens hierdie Wet uit te voer;
- (p) 'n nasionale dosisregister instel en in stand hou;
- (q) 'n nasionale register van stralingsbronne instel en in stand hou;
- (r) relevante navorsing doen, kernveiligheid en sekuriteitnavorsingsprogramme vir regulatoriese ontwikkeling instel en in stand hou om die Reguleerder van wetenskaplike, tegniese en ander advies en inligting te voorsien, soos beoog in artikel 2(1) van hierdie Wet; en 15
- (s) sodanige reëlins tref as wat die Reguleerder gepas ag vir die insameling van tersaaklike sosiale, ekonomiese en omgewingsinligting vanaf 'n houer van 'n magtiging en die beskikbaarstelling van sodanige inligting aan die Departement met die doel om impakbeoordeling vir die inwerkingstelling van die Wet te onderneem.”; 20 25
- (d) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) Die Minister moet die jaarlikse openbare verslag aan hom of haar voorgelê ingevolge subartikel (1)(j) in die Parlement ter tafel lê, **binne 14 dae nadat dit voorgelê is indien die Parlement dan in sitting is, of indien die Parlement nie in sitting is nie, binne 14 dae na die aanvang van die volgende gewone sessie.**”; en 30
- (e) deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 8 van Wet 47 van 1999

7. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 35
 “(1) Die Reguleerder word in ooreenstemming met hierdie Wet deur 'n **[Raad van Direkteure]** raad beheer en bestuur.”;
- (b) deur in subartikel (4)(a) subparagrafe (iv), (v) en (vi) deur die volgende subparagrafe te vervang: 40
- “(iv) 'n beampte van die **[Departement van Minerale]** departement verantwoordelik vir Minerale Hulpbronne en Energie;
- (v) 'n beampte van die **[Departement van Omgewingsake en Toerisme]** departement verantwoordelik vir die Omgewing; 45
 en
- (vi) hoogstens sewe ander direkteure; **[en]**”;
- (c) deur in subartikel (4) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) die hoof- uitvoerende beampte[.]; **en**”;
- (d) deur die volgende paragraaf na paragraaf (b) in subartikel (4) in te voeg:
 “(c) die hoof- finansiële beampte.”; 50
- (e) deur in subartikel (7) paragrafe (b), (c) en (d) deur die volgende paragrafe te vervang:
 “(b) 'n tersaaklike portefeuljekomitee van die Nasionale Vergadering moet 'n kortlys van hoogstens 20 kandidate vanuit die benoemde persone saamstel; 55
 (c) **benewens die persone beoog in subartikel 4(a)(iv) en (v), moet die Minister vanuit die kortlys aldus opgestel [en vanuit ander genomineerde persone in paragraaf (a) bedoel],** persone op die Raad aanstel; en

18

- (d) the Minister [**may,**] must for a director appointed in terms of subsection 4(a)(i) to (v), appoint a suitably qualified alternate director to act in the place of that director during his or her absence.”;
- (f) by the substitution in subsection (8) for paragraph (e) of the following paragraph: 5
 “(e) is [**a holder of a nuclear]** an authorisation holder or an employee of such holder.”;
- (g) by the substitution for subsection (12) of the following subsection: 10
 “(12)(a) The chairperson of the board holds office for a period specified in the letter of appointment but not exceeding [**three]** five years and may be re-appointed upon expiry of that term of office.
 (b) A director referred to in subsection (4)(a) holds office for a period specified in the letter of appointment but not exceeding [**three]** five years and may be re-appointed upon expiry of that term of office.”; 15
- (h) by the deletion of subsection (13)(b);
- (i) by the deletion of subsection (14); and
- (j) by the insertion after subsection 14 of the following subsections: 20
 “(15) The Board is the accounting authority of the Regulator.
 (16) The members of the board must, when viewed collectively—
 (a) be persons who are suited to serve on the board by virtue of their qualifications, expertise and experience in the fields of nuclear science, technology and engineering, finance, risk, corporate governance, law and strategic leadership; 25
 (b) be persons who are committed to fairness and accountability on the part of those holding public office; and
 (c) be persons who are committed to the objects and principles as enunciated in the Charter and Code of Conduct of the Regulator.”.

Amendment of section 9 of Act 47 of 1999

8. Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the heading 30
 of the following heading:
 “**Vacation of office [of board members] by director**”.

Amendment of section 12 of Act 47 of 1999

9. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph 35
 (b) of the following paragraph:
 “(b) appoint as members of any such committee such persons, including directors of the board, staff of the Regulator, [**the holders of nuclear authorisations]** authorisation holders and employees of such holders, as the board considers appropriate.”.

Amendment of section 14 of Act 47 of 1999

10. Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution for 40
 subsection (1) of the following subsection:
 “(1) Subject to subsections (2), (3), (4) and (5), the board may, by resolution, delegate any power, and assign any duty, conferred or imposed on it by the operation of section 8(1) or (2) or conferred or imposed on it elsewhere by this Act, to its chairperson, [**or a]** committee of the board, director of the board or chief executive officer.”. 45

Amendment of section 15 of Act 47 of 1999

11. Section 15 of the principal Act is hereby amended— 50
 (a) by the substitution for subsections (1) of the following subsection:
 “(1) The Minister must, [**after consultation with]** on recommendation of the board, from a list of not less than three persons so nominated, appoint a person with suitable qualifications as chief executive officer of the Regulator.”; 55
 (b) by the substitution for subsections (3) and (4) of the following subsections:

- (d) [kan] moet die Minister, vir 'n direkteur aangestel ingevolge subartikel 4(a)(i) tot (v), 'n toepaslik gekwalifiseerde alternatiewe direkteur aanstel om in die plek van daardie direkteur in sy of haar afwesigheid waar te neem.”;
- (f) deur in subartikel (8) paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang: 5
“(e) [die houer is van] 'n [kernmagtigings] magtigingshouer of 'n werknemer van sodanige houer is.”;
- (g) deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:
“(12)(a) Die voorsitter van die raad beklee die amp vir 'n tydperk in die aanstellingsbrief vermeld, maar hoogstens vir [drie] vyf jaar en mag 10
weer aangestel word by verstryking van daardie ampstermyn.
(b) 'n Direkteur in subartikel (4)(a) vermeld, beklee die amp vir 'n tydperk in die aanstellingsbrief vermeld, maar hoogstens [drie] vyf jaar en mag weer aangestel word by verstryking van daardie ampstermyn.”;
- (h) deur subartikel (13)(b) te skrap; 15
- (i) deur subartikel (14) te skrap; en
- (j) deur die volgende subartikels na subartikel 14 in te voeg:
“(15) Die Raad is die rekenpligtige gesag van die Reguleerder.
(16) Die lede van die raad moet, wanneer gesamentlik beskou—
(a) persone wees wat geskik is om op die raad te dien uit hoofde van hul 20
kwalifikasies, kundigheid en ervaring in die velde van kernwetenskap, tegnologie en ingenieurswese, finansies, risiko, korporatiewe beheer, regte en strategiese leierskap;
(b) persone wees wat verbind is tot billikheid en aanspreeklikheid aan 25
die kant van diegene wat openbare ampte beklee; en
(c) persone wees wat toegewyd is tot die oogmerke en beginsels soos in die Handves en Gedragskode van die Reguleerder uitgedruk.”.

Wysiging van artikel 9 van Wet 47 van 1999

8. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: 30
“Ampsontruiming deur [raadslede] direkteur”.

Wysiging van artikel 12 van Wet 47 van 1999

9. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang: 35
“(b) persone as lede van sodanige komitees aanstel, insluitende direkteure van die raad, personeel van die Reguleerder, [die houers van kernmagtigings] magtigingshouers en werknemers van sodanige houers, soos wat die raad toepaslik vind.”.

Wysiging van artikel 14 van Wet 47 van 1999

10. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 40
“(1) Behoudens subartikels (2), (3), (4) en (5) kan die raad, by wyse van 'n besluit, enige bevoegdheid deleger en enige werksaamheid opdra aan sy voorsitter [of 'n], raadskomitee, direkteur van die raad of hoof- uitvoerende beampte, wat by werking van artikel 8(1) of (2) aan hom verleen of opgedra is, of aan hom andersins 45
by hierdie Wet verleen of opgedra is.”.

Wysiging van artikel 15 van Wet 47 van 1999

11. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—
(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 50
“(1) Die Minister moet [na oorlegpleging met] op aanbeveling van die raad, vanaf 'n lys van hoogstens drie aldus benoemde persone, 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon as hoof- uitvoerende beampte van die Reguleerder aanstel.”;
- (b) deur subartikels (3) en (4) deur die volgende subartikels te vervang:

“(3) A chief executive officer holds office for a period not exceeding [three] five years as specified in the letter of appointment and may be re-appointed upon expiry of that term of office.

(4) The Minister may, after consultation with the board and at any time [discharge] remove the chief executive officer from office—”; 5

(c) by the deletion of subsection (5);

(d) by the deletion of subsection (6)(c);

(e) by the substitution in subsection (6) for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) complete a report on the activities of the Regulator for each financial year in accordance with the [Reporting by Public Entities Act, 1992 (Act No. 93 of 1992),] Public Finance Management Act and submit the report to the board for approval;”;

(f) by substitution in subsection (9) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) this Act, the [Reporting by Public Entities Act, 1992,] Public Finance Management Act, or any other law;”;

(g) by the substitution in subsection (10) for the following subsection:

“(10) If the chief executive officer is for any reason unable to perform any of his or her functions, the chairperson of the board must appoint [an employee] a staff member of the Regulator to act as chief executive officer until the chief executive officer is able to resume those functions.”; and

(h) by the deletion of subsection (11).

Amendment of section 16 of Act 47 of 1999

12. Section 16 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (3), (4) and (6). 25

Amendment of section 17 of Act 47 of 1999

13. Section 17 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph: 30

“(b) fees paid to the Regulator in terms of section 28[;] and fines levied in terms of section 52;”;

(b) by the deletion of subsection (7).

Substitution of section 18 of Act 47 of 1999

14. The following section is hereby substituted for section 18 of the principal Act: 35

“18. The Regulator’s financial year is in accordance with the Public Finance Management Act”.

Amendment of heading of Chapter 3 of Act 47 of 1999

15. The following heading is hereby substituted for the heading of Chapter 3 of the Principal Act: 40

“**AUTHORISATIONS**”.

Amendment of section 20 of Act 47 of 1999

16. Section 20 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading: 45

“**Restrictions on certain [actions] activities**”;

(b) by the substitution for subsections (1), (2) and (3) of the following subsections: 45

“(1) No person may site, construct, operate, decontaminate or decommission a nuclear facility, except under the authority of a nuclear licence. 50

(2) No person may perform any pre-construction activities without prior written permission of the Regulator.

“(3) ’n Hoof- uitvoerende beampte beklee die amp vir ’n tydperk van hoogstens [**drie**] vyf jaar soos in die aanstellingsbrief uiteengesit en mag by verstryking van daardie ampstermyn heraan gestel word.

(4) Die Minister kan, na oorleg met die raad en te eniger tyd die hoof- uitvoerende beampte van daardie amp onthef—”;

- (c) deur subartikel (5) te skrap;
- (d) deur subartikel (6)(c) te skrap;
- (e) deur in subartikel (6) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(d) ooreenkomstig die [**Wet op Verslagdoening deur Publieke Entiteite, 1992 (Wet No. 93 van 1992)**] Wet op Openbare Finansiële Bestuur, ten opsigte van die aktiwiteite van die Reguleerder ’n verslag vir elke finansiële jaar opstel en aan die raad voorlê vir goedkeuring;”;
- (f) deur in subartikel (9) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(a) hierdie Wet, die [**Wet op Verslagdoening deur Publieke Entiteite, 1992**] Wet op Openbare Finansiële Bestuur, of enige ander wet;”;
- (g) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(10) Indien die hoof- uitvoerende beampte weens enige rede nie in staat is om enige van sy of haar werksaamhede te verrig nie, moet die voorsitter van die raad ’n [**werknemer**] ’n personeellid van die Reguleerder aanstel om as hoof- uitvoerende beampte waar te neem totdat die hoof- uitvoerende beampte in staat is om daardie werksaamhede te hervat.”; en
- (h) deur subartikel (11) te skrap.

Wysiging van artikel 16 van Wet 47 van 1999 25

12. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (3), (4) en (6) te skrap.

Wysiging van artikel 17 van Wet 47 van 1999

13. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang: 30
 “gelde betaal aan die Reguleerder ingevolge artikel 28 en boetes ingevolge artikel 52 opgelê.”; en
- (b) deur subartikel (7) te skrap.

Vervanging van artikel 18 van Wet 47 van 1999

14. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 35
 “18. Die finansiële jaar van die Reguleerder is ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur”.

Wysiging van opskrif van Hoofstuk 3 van Wet 47 van 1999

15. Die opskrif van Hoofstuk 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang: 40
 “**MAGTIGINGS**”.

Wysiging van artikel 20 van Wet 47 van 1999

16. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: 45
 “**Beperkings op sekere [handelinge] aktiwiteite**”;
- (b) deur subartikels (1), (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:
 “(1) Geen persoon mag ’n kernfasiliteit aanlê, oprig, bedryf, ontsmet of buite diens stel behalwe op gesag van ’n kernlisensie nie.
 (2) Geen persoon mag enige vooroprigtingsaktiwiteite sonder vooraf skriftelike toestemming van die Reguleerder verrig nie.” 50

- (3) No person may manufacture or cause to be manufactured component parts relating to nuclear and radiation safety as prescribed in the regulations except under the authority of an authorisation to manufacture or a nuclear licence.”; and
- (c) by the insertion after subsection (3) of the following subsections: 5
- “(4) No vessel, which is propelled by nuclear power or which has on board any fissile material or uranium hexafluoride may—
- (a) anchor or sojourn in the territorial waters of the Republic; or
- (b) enter or leave any port of the Republic,
- except under the authority of a nuclear vessel licence issued by the Regulator. 10
- (5) No vessel which has on board any radioactive material capable of causing nuclear damage, other than that listed in subsection 20(4) may—
- (a) anchor or sojourn in the territorial waters of the Republic; or
- (b) enter or leave any port of the Republic, 15
- except under the authority of a certificate of registration.
- (6) Notwithstanding the provisions of subsection (4) or (5), an authorisation holder, with a condition or conditions permitting such holder to transport radioactive materials, may cause such materials to be transported by a vessel under the authority of such authorisation without a nuclear vessel licence or a certificate of registration. 20
- (7) No person may carry out any activity contemplated in section 2(1) except under an authorisation issued by the Regulator.
- (8) No radioactively contaminated facility, equipment, machinery, scrap or land belonging to or in the control of the Republic’s Defence Force may be released for civilian use, without the prior written permission of the Regulator. 25
- (9) No person may undertake any technical service prescribed except under the authority of an authorisation issued by the Regulator.”.

Substitution of section 21 of Act 47 of 1999 30

17. The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Act:

“Application for nuclear licence, nuclear site licence, nuclear vessel licence or regulatory evaluation of design

- 21.** (1) Any person wishing to construct, operate, decontaminate, or decommission a nuclear facility must apply in the prescribed form and manner to the chief executive officer for a nuclear licence and must furnish such information as the board requires. 35
- (2) Any person wishing to obtain regulatory approval of site evaluation must apply in the prescribed form and manner to the chief executive officer for a nuclear site licence and must furnish such information as the board requires. 40
- (3) Any person wishing to obtain regulatory evaluation of a design of a nuclear facility must apply in the prescribed form and manner to the chief executive officer and must furnish such information as the board requires. 45
- (4) Any person, other than persons mentioned in section 20(5) and (6), wishing to—
- (a) anchor or sojourn in the territorial waters of the Republic; or
- (b) enter any port in the Republic, with a vessel which is propelled by nuclear power or which has on board any fissile material or uranium hexafluoride, must apply to the chief executive officer for a nuclear vessel licence and must furnish such information as the board requires. 50

- (3) Geen persoon mag onderdele met betrekking tot kern- en stralingsveiligheid soos in die regulasies voorgeskryf, vervaardig of laat vervaardig behalwe op gesag van 'n magtiging om te vervaardig of 'n kernlisensie nie.”; en
- (c) deur die volgende subartikels na subartikel (3) in te voeg: 5
- “(4) Geen vaartuig wat deur kernkrag aangedryf word of wat enige kloofbare materiaal of uraanheksafluoried aan boord het, mag—
- (a) in die territoriale waters van die Republiek anker gooi of vertoef nie; of
- (b) enige hawe van die Republiek binnegaan of verlaat nie, behalwe onder die gesag van 'n kernvaartuiglisensie uitgereik deur die Reguleerder. 10
- (5) Geen vaartuig met enige radioaktiewe materiaal aan boord wat in staat is om kernskade te veroorsaak, behalwe dié wat in subartikel 20(4) gelys word, mag— 15
- (a) in die territoriale waters van die Republiek anker gooi of vertoef nie; of
- (b) enige hawe van die Republiek binnegaan of verlaat nie, behalwe op gesag van 'n registrasiesertifikaat. 20
- (6) Ongeag die bepalinge van subartikel (4) of (5), kan 'n magtigingshouer, met 'n voorwaarde of voorwaardes wat sodanige houer toelaat om radioaktiewe materiaal te vervoer, sodanige materiaal laat vervoer op 'n vaartuig op gesag van sodanige magtiging sonder 'n kernvaartuiglisensie of 'n registrasiesertifikaat. 25
- (7) Geen persoon mag enige aktiwiteit beoog in artikel 2(1) uitvoer nie, behalwe kragtens 'n magtiging deur die Reguleerder uitgereik. 25
- (8) Geen fasiliteit, toerusting, masjinerie, skroot of grond wat behoort aan of in beheer is van die Republiek se Weermag wat met radioaktiwiteit besmet is, mag vir burgerlike gebruik vrygestel word sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Reguleerder nie. 30
- (9) Niemand mag enige voorgeskrewe tegniese diens onderneem nie, behalwe op gesag van 'n magtiging wat deur die Reguleerder uitgereik is.”.

Vervanging van artikel 21 van Wet 47 van 1999

17. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 35

“Aansoek om kernlisensie, kernterreinlisensie, kernvaartuiglisensie of regulatoriese evaluasie van ontwerp

21. (1) Enige persoon wat 'n kernfasiliteit wil oprig, bedryf, ontsmet of uit diens stel, moet op die voorgeskrewe vorm en wyse by die hoofuitvoerende beampte aansoek doen om 'n kernlisensie en moet die inligting verskaf wat die raad vereis. 40
- (2) Enige persoon wat regulatoriese goedkeuring vanaf terreinevaluering wil verkry, moet op die voorgeskrewe vorm en wyse by die hoofuitvoerende beampte aansoek doen om 'n kernterreinlisensie en moet sodanige inligting verskaf wat die raad vereis. 45
- (3) Enige persoon wat regulatoriese evaluering van 'n ontwerp van 'n kernfasiliteit wil verkry, moet op die voorgeskrewe vorm en wyse by die hoofuitvoerende beampte aansoek doen en moet die inligting verskaf wat die raad vereis.
- (4) Enige persoon, behalwe persone genoem in artikel 20(5) en (6), wat— 50
- (a) in die territoriale waters van die Republiek anker gooi of vertoef; of
- (b) enige hawe in die Republiek binnegaan, met 'n vaartuig wat deur kernkrag aangedryf word of wat enige kloofbare materiaal of uraanheksafluoried aan boord het, moet by die hoofuitvoerende beampte aansoek doen om 'n kernvaartuiglisensie en moet die inligting verskaf wat die raad vereis. 55

(5) The chief executive officer must direct the applicant for a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence to—

- (a) serve a copy of the application upon—
- (i) every municipality affected by the application; and
 - (ii) such other person as the chief executive officer may determine; and
- (b) publish a copy of the application in the *Gazette* and two newspapers circulating in the area of every such municipality within 30 days.

(6)(a) A person who may be affected by the granting of a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence pursuant to an application in terms of subsection (1), (2) or (4), may make written representations to the board, relating to protection of persons, property, and the environment against nuclear or radiological damage connected with the application, within 90 days of the date of publication in the *Gazette* contemplated in subsection (5)(b).

(b) If the board is of the opinion that further public representation is necessary, it must arrange for hearings relating to protection of persons, property and the environment against nuclear or radiological damage.

(7) Subject to the board's approval, the chief executive officer may—

- (a) refuse an application for a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence and must provide the applicant in writing with the reasons for the refusal; or
- (b) grant an application for a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence subject to such conditions as may be determined in terms of section 23.

(8) In consideration of an application under section 20(1), the chief executive officer may conduct an examination in respect of the applicant concerned.

(9) An authorisation under this section shall be valid for the period stipulated in the conditions of authorisation.

(10) The authorisation may be renewed on the application in the prescribed form and manner before the prescribed time.”.

Amendment of section 22 of Act 47 of 1999

18. Section 22 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for the heading of the following heading:

“**Application for certificate of registration, [or] exemption, [for certain actions] authorisation to design or authorisation to manufacture**”;

- (b) by the substitution for subsections (1) and (3) of the following subsections:

“(1) Any person wishing to engage in any **[action described in section 2(1)(c) may]** activity, not contemplated in section 21(1), (2), (3) or (4), must apply in the prescribed **[format] form and manner** to the chief executive officer for a certificate of registration **[or a]**, certificate of exemption, authorisation to design or authorisation to manufacture and must furnish such information as the board requires.

(3) The chief executive officer may, with the approval of the board—

- (a) refuse to grant an application for a certificate of exemption **[or a]**, certificate of registration, authorisation to design or authorisation to manufacture made in terms of subsection (1) and must provide the applicant in writing with the reasons for the refusal; or
- (b) issue—
- (i) a certificate of registration, authorisation to design or authorisation to manufacture subject to such conditions as may be determined in terms of section 23; or

- (5) Die hoof- uitvoerende beampte moet die aansoeker om 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie gelas om—
- (a) 'n afskrif van die aansoek te beteken aan—
- (i) elke munisipaliteit wat deur die aansoek geraak word; en
- (ii) sodanige ander persoon wat die hoof- uitvoerende beampte bepaal; en 5
- (b) binne 30 dae 'n afskrif van die aansoek in die *Staatskoerant* en twee koerante wat in die gebied van elke sodanige munisipaliteit in omloop is, publiseer.
- (6)(a) Iemand wat deur die bestaan van 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie kragtens 'n aansoek ingevolge subartikel (1), (2) of (4), geraak kan word, kan skriftelike verhoë aan die raad rig, met betrekking tot die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kern- of radiologiese skade wat met die aansoek verband hou, binne 90 dae vanaf die datum van publikasie in die *Staatskoerant* in subartikel (5)(b) beoog. 10
- (b) Indien die raad van mening is dat verdere openbare verteenwoordiging nodig is, moet hy reël vir verhoë met betrekking tot die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kern- of radiologiese skade. 20
- (7) Onderhewig aan die raad se goedkeuring, kan die hoof- uitvoerende beampte—
- (a) 'n aansoek om 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie weier en moet die aansoeker skriftelik van die redes vir die weiering voorsien; of 25
- (b) 'n aansoek om 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie toestaan, onderworpe aan die voorwaardes wat ingevolge artikel 23 bepaal word.
- (8) By die oorweging van 'n aansoek kragtens artikel 20(1), kan die hoof- uitvoerende beampte 'n ondersoek ten opsigte van die betrokke aansoeker doen. 30
- (9) 'n Magtiging kragtens hierdie artikel is geldig vir die tydperk wat in die magtigingsvoorwaardes aangedui word.
- (10) Die magtiging kan op die aansoek in die voorgeskrewe vorm en wyse voor die voorgeskrewe tyd hernu word. 35

Wysiging van artikel 22 van Wet 47 van 1999

18. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:
- “**Aansoek om registrasiesertifikaat [of], vrystellingsertifikaat [vir sekere handelinge], ontwerp- of vervaardigingsmagtiging**”; 40
- (b) deur subartikel (1) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:
- “(1) Enige persoon wat betrokke wil raak by enige **[handeling omskryf in artikel 2(1)(c)]** aktiwiteit, wat nie in artikel 2(1), (2), (3) of (4) beoog word nie, kan by die hoof- uitvoerende beampte **[om 'n registrasie- of vrystellingsertifikaat]** op die voorgeskrewe vorm en wyse **om 'n registrasiesertifikaat, vrystellingsertifikaat, ontwerp- of vervaardigingsmagtiging** aansoek doen en moet die inligting verskaf wat die raad verlang. 45
- (3) Die hoof- uitvoerende beampte kan, met die goedkeuring van die raad— 50
- (a) die bestaan van 'n aansoek om 'n **[vrystelling- of registrasiesertifikaat]** vrystellingsertifikaat, registrasiesertifikaat, **ontwerp- of vervaardigingsmagtiging** ingevolge subartikel (1) weier en moet die aansoeker skriftelik van die redes vir die weiering voorsien; of 55
- (b) (i) 'n registrasiesertifikaat, **ontwerp- of vervaardigingsmagtiging** uitreik onderworpe aan sulke voorwaardes as wat ingevolge artikel 23 bepaal mag word; of 60

- (ii) a certificate of exemption if satisfied that the **[action]** activity in question complies with the exemption criteria specified in the safety standard contemplated in section 36.”; and
- (c) by the insertion of subsections (4) and (5):
- “(4) In consideration of an application under subsection (1), the chief executive officer may conduct an examination in respect of the applicant. 5
- (5) An authorisation under this section shall be valid for the period as prescribed in the conditions of authorisation and such authorisation may be renewed on application within the prescribed time or such later time as the board may allow, in the prescribed form and manner.”. 10

Substitution of section 23 of Act 47 of 1999

19. The following section is hereby substituted for section 23 of the principal Act:

“Conditions relating to [nuclear installation licence, nuclear vessel licence or certificate of registration] authorisation

- 23.** (1) The chief executive officer may establish standard conditions applicable to one or more categories of **[certificates of registration] authorisations**. 15
- (2) The chief executive officer may, subject to subsection (3), impose any condition in **[a nuclear installation or vessel licence or certificate of registration] an authorisation** which— 20
- (a) is necessary to ensure the protection of persons, property and the environment against nuclear damage; or
- (b) provides for the rehabilitation of the site.
- (3) The chief executive officer—
- (a) may, subject to paragraph (c), amend any condition in **[a nuclear installation or vessel licence or certificate of registration] an authorisation**; 25
- (b) must notify the person in writing to whom the **[nuclear installation or vessel licence or certificate of registration] authorisation** was issued of such amendment, timeframe within which such amendments come into operation and the reasons therefore which must be based on objective evidence; and 30
- (c) must submit to the board any amendments made to **[a nuclear] an authorisation** as contemplated in paragraph (a) for ratification at the first meeting of the board following the amendments.”. 35

Amendment of section 24 of Act 47 of 1999

20. Section 24 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
- “(2) Any provision included in an agreement referred to in subsection (1)(c) which could be included in terms of subsection (1)(a) or (b) as a condition of a nuclear vessel licence, is considered to be a condition of that licence or approval, even if it is not expressly embodied in the relevant licence as a condition thereof.”; and 40
- (b) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:
- “(6) The chief executive officer must exercise the powers conferred by this section on behalf of the board and subject to the Minister’s directions in terms of subsection (1)(a)(ii).”. 45

Substitution of section 25 of Act 47 of 1999

21. The following section is hereby substituted for section 25 of the principal Act:

- (ii) 'n vrystellingsertifikaat uitreik indien van mening dat die betrokke **[handeling]** aktiwiteit voldoen aan die vrystellingsvlakke bedoel in artikel 36.”; en
- (c) deur subartikels (4) en (5) in te voeg:
- “(4) By die oorweging van 'n aansoek kragtens subartikel (1), kan die hoof- uitvoerende beampte 'n ondersoek ten opsigte van die aansoeker doen. 5
- (5) 'n Magtiging kragtens hierdie artikel is geldig vir die tydperk in die magtigingsvoorwaardes voorgeskryf en sodanige magtiging kan by aansoek binne die voorgeskrewe tydperk of sodanige latere tyd wat die raad kan toelaat, op die voorgeskrewe vorm en wyse hernu word.”. 10

Vervanging van artikel 23 van Wet 47 van 1999

19. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Voorwaardes betreffende [kerninstallasielisensie, kernvaartuiglisensie of registrasiesertifikaat] magtiging** 15

23. (1) Die hoof- uitvoerende beampte kan standaardvoorwaardes ten opsigte van een of meer kategorieë **[registrasiesertifikate] magtigings** instel.

(2) Die hoof- uitvoerende beampte kan, behoudens subartikel (3), enige voorwaarde oplê in 'n **[kerninstallasie- of kernvaartuiglisensie of registrasiesertifikaat] magtiging** wat— 20

(a) nodig is om die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kernskade te verseker; of

(b) voorsiening maak vir die rehabilitasie van die terrein.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte— 25

(a) kan, behoudens paragraaf (c), enige voorwaarde in 'n **[kerninstallasie- of kernvaartuiglisensie of registrasiesertifikaat] magtiging** wysig;

(b) moet die persoon aan wie die **[kerninstallasie- of kernvaartuiglisensie of registrasiesertifikaat] magtiging** toegestaan is, skriftelik van sodanige wysiging, tydsraamwerk waarbinne sodanige wysigings in werking tree en die redes daarvoor wat op objektiewe bewyse gebaseer moet wees, in kennis stel; en 30

(c) moet enige wysigings aan 'n **[kernmagtiging] magtiging** beoog in paragraaf (a) vir bekragtiging tydens die eerste vergadering van die raad na die aanbring van die wysigings aan die raad voorlê.”. 35

Wysiging van artikel 24 van Wet 47 van 1999

20. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Enige bepaling ingesluit in 'n ooreenkoms bedoel in subartikel (1)(c) wat ingevolge subartikels (1)(a) of (b) as 'n voorwaarde vir 'n kernvaartuiglisensie ingesluit kan word, word geag 'n voorwaarde van daardie lisensie of goedkeuring te wees, selfs al is dit nie uitdruklik in die betrokke lisensie as 'n voorwaarde daarvoor vervat nie.”; en 40

(b) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang: 45

“(6) Die hoof- uitvoerende beampte verrig die bevoegdhede deur hierdie artikel verleen namens die raad en onderhewig aan die voorskrifte van die Minister ingevolge subartikel (1)(a)(ii).”.

Vervanging van artikel 25 van Wet 47 van 1999

21. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 50

“Transfer of authorisation

25. (1) An authorisation holder may not transfer authorisation for regulated activities to another person or entity without the written permission of the chief executive officer subject to approval by the board.

(2) A person or entity to whom the responsibility for previously authorised activities is to be transferred must apply to the Regulator as prescribed.”.

Substitution of section 26 of Act 47 of 1999

22. The following section is hereby substituted for section 26 of the principal Act:

“Responsibilities of authorisation holders

26. (1) An authorisation holder must—

- (a) at all times, display copies of that authorisation at such places and in such languages and form as determined by the chief executive officer to ensure public access to the conditions specified in the authorisation;
- (b) establish and maintain the competencies as prescribed;
- (c) provide training and information to staff;
- (d) establish procedures and arrangements to maintain safety and security under all conditions, as contemplated in section 2(1) of this Act;
- (e) verify appropriateness of design and the adequacy of the quality of activities and facilities and of their associated equipment;
- (f) ensure the safe and secure control of all radioactive material that is used, produced, stored or transported;
- (g) ensure the safe and secure control of all radioactive waste that is generated;
- (h) implement a self-inspection programme to ensure compliance with all conditions of the authorisation; and
- (i) provide information as required by the chief executive officer.

(2) An authorisation holder of a nuclear licence must establish a public safety information forum as prescribed in order to inform the persons living in the municipal area(s) in respect of which an emergency plan has been established in terms of section 38(1) on nuclear safety and radiation safety matters.

(3) The responsibility for ensuring safety and security of any facility or activity involving ionizing radiation rests with the authorisation holder.”.

Insertion of section 26A in Act 47 of 1999

23. The following section is hereby inserted after section 26 of the principal Act:

“Financial responsibilities of applicants for and holders of authorisations

26A. (1) An applicant for, or an authorisation holder for construction, operation of a nuclear facility or undertaking an activity shall ensure that adequate financial resources will be available, and shall provide such financial resources, when needed to cover costs associated with safe rehabilitation, or decommissioning, including the management of resulting waste.

(2) The financial resources to be made available for rehabilitation, or decommissioning activities shall be—

- (a) commensurate with an activity or facility specific cost estimate;
- (b) changed if the cost estimate increases or decreases; and

“Oordrag van magtiging

25. (1) 'n Magtigingshouer mag nie magtiging vir geregleerde aktiwiteite na 'n ander persoon of entiteit oordra sonder die skriftelike toestemming van die hoof- uitvoerende beampte onderworpe aan goedkeuring deur die raad nie.

(2) 'n Persoon of entiteit aan wie die verantwoordelikheid vir voorheen gemagtigde aktiwiteite oorgedra staan te word, moet by die Reguleerder aansoek doen soos voorgeskryf.”

5

Vervanging van artikel 26 van Wet 47 van 1999

22. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

10

“Verantwoordelikhede van magtigingshouers

26. (1) 'n Magtigingshouer moet—

(a) te alle tye afskrifte van daardie magtiging vertoon op sodanige plekke en in sodanige tale en vorm soos bepaal deur die hoof- uitvoerende beampte om publieke toegang te verseker tot die voorwaardes wat in die magtiging gespesifiseer is;

15

(b) die voorgeskrewe vaardighede vestig en in stand hou;

(c) opleiding en inligting aan personeel verskaf;

(d) prosedures en reëlins vestig om veiligheid en sekuriteit onder alle toestande te handhaaf, soos beoog in artikel 2(1) van hierdie Wet;

20

(e) die toepaslikheid van ontwerp en die toereikendheid van die kwaliteit van aktiwiteite en fasiliteite en van hul gepaardgaande toerusting verifieer;

(f) die veilige en beveiligde beheer verseker van alle radioaktiewe materiaal wat gebruik, vervaardig, geberg of vervoer word;

25

(g) die veilige en beveiligde beheer verseker van alle radioaktiewe afval wat gegeneer word;

(h) 'n selfinspeksieprogram implementeer om voldoening aan alle voorwaardes van die magtiging te verseker; en

(i) inligting verskaf soos deur die hoof- uitvoerende beampte vereis.

30

(2) 'n Magtigingshouer van 'n kernlisensie moet 'n openbare veiligheidsinligtingsforum instel soos voorgeskryf ten einde die persone in te lig wat in die munisipale gebied(e) woon ten opsigte waarvan 'n noodplan ingevolge artikel 38(1) oor aangeleenthede van kern- en stralingsveiligheid ingestel is.

35

(3) Die verantwoordelikheid vir die versekering van veiligheid en sekuriteit van enige fasiliteit of aktiwiteit wat ioniserende straling behels, berus by die magtigingshouers.”

Invoeging van artikel 26A in Wet 47 van 1999

23. Die volgende artikel word hierby na artikel 26 van die Hoofwet ingevoeg:

40

“Finansiële verantwoordelikhede van aansoekers om magtigingshouers

26A. (1) 'n Aansoeker om, of 'n magtigingshouer vir die oprigting, bedryf van 'n kernfasiliteit of onderneming van 'n aktiwiteit, moet verseker dat voldoende finansiële hulpbronne beskikbaar sal wees, en moet sodanige finansiële hulpbronne verskaf, wanneer nodig om koste verbonde aan veilige rehabilitasie, of buitediensstelling, insluitend die bestuur van afval wat daaruit voortvloei, te dek.

45

(2) Die finansiële hulpbronne wat vir rehabilitasie- of buitediensstellingsaktiwiteite beskikbaar gestel moet word—

50

(a) moet in ooreenstemming met 'n aktiwiteit- of fasiliteitspesifieke kosteberaming wees;

(b) moet verander indien die kosteberaming toeneem of daal; en

(c) reviewed as part of the periodic review of the rehabilitation, or decommissioning plan.

(3) For existing activities and facilities for which financial resources for rehabilitation, or decommissioning are not available, provisions for adequate financial resources shall be required within a set time frame as may be determined by the Regulator or prior to authorisation renewal or extension, whichever is applicable.”

Substitution of section 27 of Act 47 of 1999

24. The following section is hereby substituted for section 27 of the principal Act:

“Suspension, modification, revocation or surrender of an authorisation

27. (1) An authorisation issued pursuant to the provisions of this Act may be suspended, modified, or revoked by the Regulator—

- (a) in the event of a violation of its conditions;
- (b) when the conditions under which it was authorised are no longer met; or
- (c) in any circumstance where the Regulator determines that continued activity under the authorisation would pose an unacceptable risk to the safety or security of persons, property and the environment.

(2) An authorisation holder may surrender that authorisation.

(3) If an authorisation has been revoked or surrendered the authorisation holder concerned must—

- (a) if so directed by the chief executive officer, deliver to the person appointed by the chief executive officer, or account for, such authorisation; and
- (b) for the duration of his or her period of responsibility, display, or cause to be displayed, on the relevant site or the vessel in respect of which authorisation has been granted, such notices as directed by the chief executive officer.

(4) On revocation or surrendering of an authorisation, or at any time during the period of responsibility of the authorisation holder, the chief executive officer, in writing, may give any direction to the person liable for nuclear damage in terms of section 30, which the chief executive officer believes is necessary to prevent nuclear damage which—

- (a) may be caused by anything which is being done, may be done or was done; or
- (b) is or was present, at or in the relevant nuclear facility or site.

(5) The Regulator shall make publicly available a statement providing information on the procedures and requirements for suspension, modification, renewal, revocation or surrender of authorisations.”

Substitution of section 28 of Act 47 of 1999

25. The following section is hereby substituted for section 28 of the principal Act:

“Fees for [nuclear authorisation] authorisations

28. The Minister may, on the recommendation of the board [and], in consultation with the Minister of Finance and by notice in the *Gazette*, determine the fees payable to the Regulator in respect of—

- (a) any application for the granting of [a nuclear] an authorisation;
- (b) an annual [nuclear] authorisation fee[.]; and
- (c) any work the Regulator may be required to undertake pursuant to the receipt of a notification in terms of subsections 20(1), 20(2) and 20(3).”

(c) moet hersien word as deel van die periodieke hersiening van die rehabilitasie- of buitediensstellingsplan.

(3) Vir bestaande aktiwiteite en fasiliteite waarvoor finansiële hulpbronne vir rehabilitasie, of buitediensstelling, nie beskikbaar is nie, sal voorsiening vir voldoende finansiële hulpbronne vereis word binne 'n vasgestelde tydsbestek soos deur die Reguleerder bepaal kan word of voor hernuwing of verlenging van magtiging, wat ook al van toepassing is.”.

5

Vervanging van artikel 27 van Wet 47 van 1999

24. Artikel 27 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

10

“Opskorting, wysiging, herroeping of afstanddoening van 'n magtiging

27. (1) 'n Magtiging uitgereik ingevolge die bepalings van hierdie Wet kan deur die Reguleerder opgeskort, gewysig of herroep word—

(a) in die geval van 'n oortreding van die voorwaardes daarvan;

15

(b) wanneer nie meer aan die voorwaardes waarkragtens dit gemagtig is, voldoen word nie; of

(c) onder enige omstandighede waar die Reguleerder bepaal dat voortgesette aktiwiteite onder die magtiging 'n onaanvaarbare risiko vir die veiligheid of sekuriteit van persone, eiendom en die omgewing sal inhou.

20

(2) 'n Magtigingshouer kan afstand doen van daardie magtiging.

(3) Indien 'n magtiging ingetrek of teruggegee is, moet die betrokke magtigingshouer—

(a) indien aldus deur die hoof- uitvoerende beampte gelas, lewer aan die persoon wat deur die hoof- uitvoerende beampte aangestel is, of rekenskap gee van sodanige magtiging; en

25

(b) vir die duur van sy of haar verantwoordelikeheids tydperk, vertoon, of laat vertoon, op die betrokke terrein of die vaartuig ten opsigte waarvan magtiging verleen is, sodanige kennisgewings soos deur die hoof- uitvoerende beampte beveel.

30

(4) By herroeping of afstanddoening van 'n magtiging, of te eniger tyd gedurende die verantwoordelikeheids tydperk van die magtigingshouer, kan die hoof- uitvoerende beampte skriftelik enige opdrag gee aan die persoon wat aanspreeklik is vir kernskade ingevolge artikel 30, wat die hoof- uitvoerende beampte glo nodig is om kernskade te voorkom wat—

35

(a) veroorsaak kan word deur enigiets wat gedoen word, gedoen kan word of gedoen is; of

(b) teenwoordig is of was,

by of in die betrokke kernfasiliteit of terrein.

40

(5) Die Reguleerder moet 'n verklaring publiek beskikbaar maak wat inligting verskaf oor die prosedures en vereistes vir opskorting, wysiging, hernuwing, herroeping of afstanddoening van magtigings.”.

Vervanging van artikel 28 van Wet 47 van 1999

25. Artikel 28 van die Hoofwet word hierby deur artikel 28 vervang:

45

“Gelde vir [kernmagtiging] magtigings

28. Die Minister kan op aanbeveling van die raad [en]₂ in oorleg met die Minister van Finansies en by kennisgewing in die *Staatskoerant*₂ die gelde bepaal betaalbaar aan die Reguleerder ten opsigte van—

(a) enige aansoek om die toestaan van 'n [kernmagtiging] magtiging;

50

(b) 'n jaarlikse [kernmagtigingsfooi] magtigingsfooi; en

(c) enige werk wat die Reguleerder vereis kan word om te doen ingevolge die ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subartikels 20(1), 20(2) en 20(3).”.

Substitution of section 30 of Act 47 of 1999

26. The following section is hereby substituted for section 30 of the principal Act:

“Strict liability of holder of nuclear [installation] licence for nuclear damage

30. (1) Subject to subsections (2), (3), (5) and (6), only a holder of a nuclear [installation] licence is, whether or not there is intent or negligence on the part of the holder, liable for all nuclear damage caused by or resulting from the relevant nuclear [installation] facility during the holders period of responsibility—

- (a) by anything being present or which is done at or in the nuclear [installation] facility or by any radioactive material or material contaminated with radioactivity which has been discharged or released, in any form, from the nuclear [installation] facility; or
- (b) by any radioactive material or material contaminated with radioactivity which is subject to the nuclear [installation] licence, while in the possession or under the control of the holder of that licence during the conveyance thereof from the nuclear [installation] facility, to any other place in the Republic or in the territorial waters of the Republic from or to any place in or outside the Republic.

(2) The liability for nuclear damage by any holder of a nuclear [installation] licence is limited, for each nuclear or radiation accident, to the amounts determined in terms of section 29(2).

(3) The liability contemplated in subsection (1)(b) ends upon the relevant material coming onto another site in respect of which a nuclear licence has been granted.

(4) For the purposes of subsection (1) radioactive material or material contaminated with radioactivity which is being conveyed on behalf of the holder of a nuclear [installation] licence is regarded to be in the possession or under the control of the holder of that licence.

(5) Nothing in this section precludes a person from claiming a benefit in terms of the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act [, 1993 (Act No. 130 of 1993)], but such person may not benefit both in terms of this Act and the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act [, 1993].

(6) The holder of a nuclear [installation] licence is not liable to a person for any nuclear damage—

- (a) to the extent to which such nuclear damage is attributable to the presence of that person or any property of that person at or in the nuclear [installation] facility or on the site in respect of which the nuclear [installation] licence has been granted, without the permission of the holder of that licence or of a person acting on behalf of that holder; or
- (b) if that person intentionally caused, or intentionally contributed to, such damage.

(7) The holder of a nuclear [installation] licence retains any contractual right of recourse or contribution which the holder has against any person in respect of any nuclear damage for which that holder is liable in terms of subsection (1).

(8) Any person who, without a nuclear [installation] licence, carries out an [action] activity, for which such a licence is required, is, whether or not there is intent or negligence on the part of that person, liable for all nuclear damage.

(9) Nothing in this section affects any right, which any person has in terms of any contract of employment, to benefits more favourable than those to which that person may be entitled in terms of this section.”.

Vervanging van artikel 30 van Wet 47 van 1999

26. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Middellike aanspreeklikheid van houër van [kerninstallasielisensie] kernlisensie vir kernskade**

30. (1) Behoudens subartikels (2), (3), (5) en (6) is slegs ’n houër van ’n [kerninstallasielisensie] kernlisensie, hetsy daar opset of nalatigheid aan die kant van die houër is, [aanspreeklikheid] aanspreeklik vir alle kernskade veroorsaak deur of voortspruitend uit die [kerninstallasiel] kernfasiliteit gedurende die houër se verantwoordelijkheidstydperk—

(a) deur enigiets teenwoordig of wat by of in die [kerninstallasiel] kernfasiliteit gedoen word, of deur enige radioaktiewe materiaal of materiaal wat met radioaktiwiteit besmet is en wat in enige vorm uit die [kerninstallasiel] kernfasiliteit losgelaat of weggevoer word; of
(b) deur enige radioaktiewe materiaal of materiaal wat met radioaktiwiteit besmet is en wat onderworpe is aan die [kerninstallasiel] kernlisensie terwyl dit in die besit of onder beheer van die houër van daardie lisensie is tydens die vervoer daarvan, vanaf die [kerninstallasiel] kernfasiliteit na enige ander plek in die Republiek of in die territoriale waters van die Republiek of vanaf of na enige plek binne of buite die Republiek.

